**Dagstukke vir week van 21-25 Junie 2021**

**Enkele gedagtes oor Dissipelskap uit die eerste hoofstukke van Markus**

## Maandag 21 Junie 2021

**Markus 3:13-19:** *"Hy het toe twaalf aangestel, wat Hy ook apostels genoem het, sodat hulle saam met Hom kon wees, en sodat Hy hulle kon uitstuur" (v14)*

Sonder om presies te sê waar dit gebeur het, vertel Markus hier van een van die heel belangrikste dade van Jesus. Hy roep twaalf apostels en begin sodoende om die grondslag te lê vir 'n nuwe volk. Markus sê dat Jesus hulle nader geroep het op wie sy keuse geval het en hulle het na Hom gekom. Hy roep met gesag en hulle kan nie anders nie as gehoorsaam wees nie.

Nog sterker kom die gesag van Christus na vore as die woord "aangestel" (v14) gebruik word. Letterlik beteken dit dat Hy hulle "gemaak het". Die Goddelike vermoë van Jesus word hier baie duidelik: Hy roep, Hy werk, Hy maak – en wie kan Hom keer? Vroeër het Jesus vir Petrus, Andreas, Jakobus en Johannes geroep om Hom te volg (Markus 1:16-20). Nou stel hy hulle sowel as agt ander formeel aan om die besondere werk te doen.

Jesus het die twaalf na Hom geroep sodat hulle saam met Hom kon wees. Hierin het hulle krag gelê. Hulle kon die hele tyd by Hom bly, elke dag na Hom luister en elke dag met Hom praat. Christus stel die apostels aan om by Hom te bly sodat Hy hulle kan uitstuur om te preek. Alleen wanneer hulle by Hom bly, kan Hy hulle stuur om ander van Hom te vertel. Wie nie eers aan sy voete gesit het nie, is nie in staat om sy getuie te wees nie!

Waarom *twaalf* apostels? Deur twaalf te kies, wou Jesus waarskynlik beklemtoon dat sy koms vir die hele Israel bedoel is. Maar meer nog: hierin lê die grondslag van die nuwe Israel. Die verkiesing van die twaalf wys nie net terug nie, maar ook vooruit na die nuwe volk van God, die kerk uit alle volke en tale.

Hierdie twaalf wat geroep word, word *apostels* genoem. Die woord "apostels" – hulle wat deur Jesus uitgestuur is – word in ruimer en enger sin gebruik. Af en toe (bv. In Hand 14:14) dui dit op almal wat uitgestuur is, sodat ook Barnabas onder die apostels gereken word. Maar verder dui dit op die twaalf en Paulus. Behalwe om van Jesus te getuig, "om vissers van mense" te word (Markus 1:17) het die apostels ook die werk gekry om oral gemeentes te stig.

**Gebed**: Here, dit raak ons diep as ons daaraan dink dat U mense kies om U medewerkers te wees!

## Dinsdag 22 Junie 2021

**Markus 3:13-19:** *"Hy het toe twaalf aangestel, wat Hy ook apostels genoem het, sodat hulle saam met Hom kon wees, en sodat Hy hulle kon uitstuur" (v14)*

Wie was hierdie dissipels? Markus noem die name van Petrus (Simon), Jakobus en Johannes heel eerste. Ons ontmoet hulle telkens weer in die Evangelies – altyd naby Jesus en ten nouste betrokke by

wat Hy doen. Die drie het in ‘n sekere sin tot ‘n kleiner, intieme kring behoort met wie Jesus belangrike ervarings gedeel het (soos op die berg van verheerliking Markus 9:2-8).

Die naamlyste van die apostels stem nie in al die Evangelies heeltemal ooreen nie. Volgens verklaarders het sommige apostels twee name gedra. Die volledige lys is dan soos volg:

*Petrus* of *Simon*

*Jakobus* en *Johannes* (“seuns van die donder” – waarskynlik so genoem volgens hulle geaardheid vgl Luk 9:54)

*Andreas* (Petrus se broer)

*Filippus* (sowel Andreas as Filippus dra Griekse name en kom van Betsaida: hulle Griekse name kon onder die invloed van die destydse Griekse kultuur gegee gewees het)

*Bartholomeus* (seun van Tholomeus; hy word ook Natanael genoem – Joh 1:46)

*Matteus* of *Levi* (vgl Markus 2:14; Matteus 9:9)

*Thomas* (sy Griekse naam, Didimus –Joh 11:16 – laat ‘n mens wonder of hy dalk een van ‘n tweeling was)

*Jakobus* (seun van Alfeus)

*Taddeus*

*Simon Kananeus* (Kananeus kan ook vertaal word met “seloot” of “yweraar”)

*Judas Iskariot* (Ig. dui die dorp van sy herkoms aan nl Keriot)

Ek wonder altyd as ek na die lys van die twaalf dissipels/apostels kyk of ons ook ons name daarby sou kon voeg?

**Gebed**: Dankie Here, dat U ons as mense roep ten spyte van wie ons is, om U te volg.

## Woensdag 23 Junie 2021

**Markus 4:10-12; 33 en 34:** *“Toe Hy alleen was, het die omstanders saam met die twaalf Hom uitgevra oor die gelykenisse” (v10)*

Ons lees dikwels in die Evangelies dat Jesus besig is om diegene wat Hom volg, verdere onderrig te gee. Dié keer is dit die omstanders en die twaalf wat verdere onderrig ontvang. Alhoewel Hy meermale sy verbasing oor hulle gebrek aan insig uitgespreek het (Kyk byvoorbeeld na Markus 8:17 waar Jesus vra “ Verstaan julle nie en begryp julle nie? Het julle steeds verharde harte? … En onthou julle nie …), het Hy steeds voortgegaan om hulle te leer en toe te rus. Na Jesus se Hemelvaart sou hulle vir die prediking verantwoordelik wees en sou hulle Jesus se lering moes voortsit.

Die vers wat ons oordink, staan binne die konteks van die gelykenis van die saad. Die mens en sy/haar gesindheid teenoor die Woord is die bodem waarop gesaai word. Geen saaier hoef by die lees van die

gelykenis, moedeloos te raak nie. Soos Paulus gesaai en Apollos natgemaak, maar God laat groei het (1 Kor 3:6), so is dit ook hier: die saaier moet saai met die wete dat 'n deel van die saad wel op vrugbare grond sal val en dat God op sy tyd die vrug sal gee.

Die saaiers besit dus 'n sekere onbesorgdheid. Die ontkieming en groei van die saad rus in God se hande. Soos die saaier die saad met geloof en gerustheid aan die aarde toevertrou, mag die dissipels en ons ook die Woord wat ons uitdra, in geloof aan die sorg van God toevertrou .Hy gee aan sy Woord groeikrag en laat die koninkryk in laaste instansie self groei.

Hierdie waarheid moet die dissipels en ons mooi verstaan. Dit behoort ons van mismoedigheid te bewaar. Dit laat ons saai en saai sonder om moedeloos te word oor die betreklike min vrug wat ons miskien sien. God laat groei!

En tog word aan ons die voorreg gegee om die saad te saai. Ons is deur God geroep om getrou te saai en nat te maak (vgl 1 Kor 3:1-8). Daarom mag ons nie onverskillig of ongeërg word nie.Terwyl ons dus gelowig en hoopvol met God rekening hou, moet ons getrou bly in die saaiwerk en die natmaak van die akker wat aan ons toevertrou is. Hierdie saaiwerk en natmaak doen ons deur gesindheid, woord en daad! Die Goeie Nuus is dat God reeds in Christus deur die Gees alles gedoen het, daarom kan ons met vrymmoedigheid hierdie Goeie Nuus versprei!

**Gebed:** Dankie Here, dat ons, as u dissipels, kan bly leer dat U die groei laat plaasvind!

## Donderdag 24 Junie 2021

**Markus 4:35-41:** *"Wie is Hy tog dat selfs die wind en die see Hom gehoorsaam?" (v41)*

Mense dink dikwels dat Jesus met sy wonderwerke bloot 'n geestelike boodskap aan ons wou deurgee. Dan word die skuit ons lewensboot op die stormagtige lewensoseaan, die melaatsheid wat Jesus genees, my sonde, ensovoorts. Dit klink alles baie mooi, maar so kan ons die wondere nie verklaar nie. Die wonderwerke praat 'n baie sterker taal. Die wondere is deel van Jesus se ganse bediening, is tekens van die Koninkryk van God en bevestig Christus se koningskap.

Midde-in die storm het Jesus op die bank in die agterstewe gelê en slaap. Dis te verstane dat die dissipels dit vreemd vind dat Jesus slaap, terwyl hulle in 'n stormsee in lewensgevaar verkeer. Dit is waarskynlik van uitputting dat Jesus na die dag se harde werk aan die slaap geraak het. En nou, in die krisis-oomblik, slaap Hy nog rustig voort.

In hulle nood, het die dissipels nie ander raad nie as om na Jesus te roep met 'n verwyt in hulle stem: '"Meester, gee U nie om dat ons vergaan nie?" Toe staan Jesus op en Hy spreek die see en die wind aan en die wind het gaan lê terwyl daar 'n groot kalmte gekom het. In hierdie woord-met-gesag breek iets van die koninkryk van God deur.

'Waarom is julle bang? Het julle nog steeds nie geloof nie?" sê/vra Jesus vir die dissipels. Jesus verwonder Hom daaroor dat die dissipels, wat Hom so goed ken en al so baie saam met Hom deurgemaak het, tog nog bang is, al is Hy by hulle. Geloof is mos om te weet wie Jesus is en omdat jy dit weet, te vertrou dat jy veilig is by Hom, of hoe? Psalm 65:8 sê dat God die Een is wat die gedruis van die oseane stilmaak, die gebulder van hulle golwe… Jesus vra vir sy dissipels waarom hulle eerder vanuit hulle vrees as hulle vertroue leef?

Dis ‘n moeilike vraag. Dalk moet ons nie te gou hierdie vraag probeer beantwoord nie. Ons ken onsself goed en weet hoe maklik dit is vir ons om vanuit ons vrese te leef en te reageer. Die opvallende van hierdie gedeelte, is dat die dissipels nie in hulle vrees stol nie, maar nadat Jesus die storm stilgemaak het, oorgaan in verwondering en met diep ontsag vervul is. Weer is daar ‘n vraag op hulle lippe, maar hierdie keer is dit nie ‘n verwytende vraag nie, maar ‘n diepe geloofsvraag: “Wie is Hy tog dat selfs die wind en die see Hom gehoorsaam?” Markus skryf sy Evangelie om hierdie vraag te probeer beantwoord. Natuurlik ook dat die lesers van die Evangelie en ons ook sal ontdek wie Hy tog is!

**Gebed:** Ons beleef ook vrees en onsekerheid, Here. Dankie dat u groter is as ons vrese.

## Vrydag 25 Junie 2021

**Markus 5:1-20:** *“Los my uit, Jesus, Seun van die Allerhoogste God!...” (v7)*

Gister het ons by die vraag van die dissiplels stilgestaan waar hulle die vraag vra wie Jesus tog kan wees dat Hy die see en die wind kan aanspreek en tot bedaring kan bring. In ons gedeelte vandag kry ons uit die mond van Legio ‘n duidelike identifisering van wie Jesus is.

Vir die eerste keer sit Jesus sy voete op heidense bodem. Die landstreek het bekend gestaan as die land van die Geraseners of as Dekapolis. Digby waar Hy voet aan wal gesit het, was daar ‘n aantal grafte en het daar ‘n mens gewoon wie se lewe geheel en al stukkend was. Wat ‘n treurige prentjie word hier geskilder van iemand wat heeltemal in die mag van die Bose was. In sy ellendige toestand kom hy uit sy skuilplek tussen die grafte aangehardloop na Jesus.

Waarom hy na Jesus gekom het is, is nie duidelik nie. Dalk wou hy hulp soek? Dalk het Jesus hom onweerstaanbaar getrek? Dalk wou die bose gees Jesus verdryf en sy mag toets? Wat die rede ook mag wees, hierdie ontmoeting met Jesus bring ‘n totale ommekeer in hierdie man se lewe.

Die ommekeer wat plaasvind, is dat in hierdie gebroke man se lewe was daar ‘n nuwe Heerser wat bewind oorgeneem het. Die skepper van wanorde moes voor Jesus Christus vlug. Sy lewe word herskep deur Christus. Die mense van die plek skrik as hulle vir Legio nugter, gekleed en by sy volle verstand by Christus sien. Vir die duiwelbesete Legio kon hulle op ‘n manier hanteer, maar vir hierdie Legio wat deur Christus heelgemaak is, raak hulle bang en vra hulle dat Christus eerder moet weggaan.

Wat my nog altyd diep geraak het in hierdie verhaal, is die beeld van Legio wat Jesus smeek om by Hom te bly. Jesus laat hom egter nie toe nie en sê vir hom om na sy huis en na sy mense te gaan en vir hulle te vertel wat die Here vir hom gedoen het, nl dat die Here aan hom medelye getoon het. Aangrypend en aandoenlik! En die man gaan en maak soos Jesus vir hom gesê het. Hy word ‘n dissipel wat nie deel van die onmiddellike dissipelkring was nie en almal was verbaas oor hom en wat hy vertel het.

**Gebed**: Dankie Here Jesus, dat geen vorm van gebrokenheid, bestand is teen U heelmaking nie.